

'n Beroep op indirekte tolkaanleerstrategieë uit taalaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding

Kanja van der Merwe

An appeal for indirect interpreting-learning strategies from language-learning strategies for process-oriented interpreter training

This article reports on a PhD study (Van der Merwe, 2025) by presenting a rationale for creating indirect interpreting-learning strategies from language-learning strategies because online interpreting-strategies are insufficient for lifelong interpreting-learning. Firstly, the terms 'interpreting-strategy', 'language-learning strategy' and 'interpreting-learning strategy' are thoroughly delineated. Then, interpreting-learning is discussed by analogy of its nature, shared characteristics of interpreting and language-learning, and existing interpreting-learning strategies. Focusing on the nature of interpreting-strategies, a comprehensive table is presented that categorises every strategy documented in the literature. Finally, these strategies are typified as direct (cognitive, memory and compensation) or indirect (metacognitive, affective and social) strategies using Oxford's (1990) language-learning strategy model. My prediction that indirect interpreting-strategies are underrepresented is proven accurate because only seven of the 38 interpreting-strategies seem to be indirect. I therefore call on researchers to investigate the metacognitive, social and affective aspects of interpreter training in the form of (indirect) interpreting-learning strategies.

1. Inleiding

Die term 'strategie' is volgens Tryuk (2010: 181) een van die belangrikste begrippe in tolking gegewe dat die tolkproses 'n doelgerigte en strategiese kommunikatiewe aktiwiteit is. As tolknavorsers definieer Gile (2009: 262) 'strategie' as "beplande aksies met spesifieke doelwitte wat daarop gemik is om probleme te voorkom of op te los" [my vertaling]. Myns insiens is die opvallendste kenmerk van tolkstrategieë, soos uiteengesit in Tolkwetenskap (die akademiese studieveld van tolking), dat dit probleemgerig ('problem-oriented') is en intyds ('online'), oftewel tydens die tolkproses, gebruik word wanneer begrips- en produksieprobleme ontstaan. Ek bevraagteken of intydse tolkstrategieë voldoende vir tolkopleiding is, wat my in Van der Merwe (2025: 2) genoop het om ondersoek na tolkaanleerstrategieë

(“interpreting-learning strategies”) in te stel wat die leerproses in tolking kan ondersteun.

Pöchhacker en Shlesinger (2002: 96) en Kalina (2015: 402) beweer navorsing oor tolkstrategieë is in die 1970's deur navorsing oor taalaanleer en -verwerwingstrategieë geïnspireer. Taalaanleerstrategieë is leerstrategieë (prosedures vir taakuitvoering en die verbetering van die leerproses) wat vir taalaanleer aangewend word. Enige leerproses vereis 'n strategie(ë) om die hoofdoel van leer suksesvol te bereik (Tarone, 1981: 290). Ek stem saam met Miyamoto (2008: 149) asook Chiang en Villarreal (2013: 149) dat 'n interdisiplinêre studie uitgevoer moet word om tolking en taalaanleerstrategieë te verbind.

'n Onderzoek na die nut van taalaanleerstrategieë vir tolking word deels gemotiveer deur die argument dat sowel tolking as taalaanleer 'n lewenslange leerproses is. Tolkaanleerders ('interpreting learners') – hetsy tolkstudente, tolkopleiers of praktiserende tolke – moet in 'n leerproses belê en hulle vaardighede aanhou slyp. Tolkaanleerders kan by taalaanleerstrategieë baat omdat dit volgens Griffiths (2018: 15) doelgerig is en van hulle onafhanklike, outonome leerders sal maak. Om te bepaal watter taalaanleerstrategieë doeltreffend vir tolkaanleer ('interpreting-learning') kan wees, kan help dat tolkaanleerders lewenslange leer fasiliteer. Die hoofnavorsingsvraag word soos volg gestel: “In watter mate kan taalaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding benut word?”

Hierdie artikel lewer verslag oor 'n PhD-studie (Van der Merwe, 2025) waar 'n tolkaanleerstrategiemodel uit taalaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding geskep én vir strategie-onderrigdoeleindes uitgebrei is. In hierdie artikel word daar gefokus op die rasionaal vir die uitvoer van die studie deur 'n grondige bespreking van die relevante literatuur te bied, en 'n argument vir die skep van veral indirekte tolkaanleerstrategieë te maak.

2. Teoretiese raamwerk en metodologie

Strategieë maak dit moontlik om die tolkproses uit te lê en dit openbaar die besluite wat 'n tolk in 'n gegewe situasie neem om 'n spesifieke kommunikatiewe doelwit na te streef (Gile, 2009: 14). Die doel daarvan is om die tolkproses te fasiliteer, daarom vorm dit deel van prosesgerigte tolkopleiding ('process-oriented interpreter training'). Naas taalaanleerstrategieë, vorm prosesgerigte tolkopleiding die eerste teoretiese raamwerk in Van der Merwe (2025).

Wang et al. (2020: 12) bevestig: “Compared with the product of interpreting

(i.e. performance), the process of interpreting can easily be overlooked in interpreting training and learning.” Prosesgerigte vertaalopleiding – naas produkgerigte, gebruikergerigte en kapasiteitsgerigte opleiding (Kalina, 2007: 111) – handel oor die vertaal- en tolkproses. Kelly (2005: 13) voer aan dat die bemeestering van die tolkproses tolkaanleerders in kundige tolke omskep.

Tolkaanleerders pas tolk- en tolkaanleerstrategieë toe om die tolkproses te verbeter, terwyl taalaanleerders taalaanleerstrategieë gebruik om die taalaanleerproses te optimeer. Leerstrategieënavorsing het weens teoretiese en praktiese kwessies tot stand gekom met betrekking tot hoe die doeltaal (“target language”) aangeleer word (Wenden, 1987: 12). Dit verskaf aan navorsers ’n veelseggende leerderfaktor wanneer taalaanleersukses onder die loep geneem word, naamlik taalaanleerstrategiegebruik. Die tweede teoretiese raamwerk wat gebruik word om Van der Merwe (2025) se studie uit te voer, is Rebecca Oxford se taalaanleerstrategiemodel (1990). In Oxford (1990) se model word 62 taalaanleerstrategieë uiteengesit en gekategoriseer in direkte (kognitiewe, geheue- en kompensasie-) en indirekte (metakognitiewe, affektiewe en sosiale) strategieë. Oxford (1990: 37) neem waar dat direkte strategieë direk doeltaalgebruik en verstandelike verwerking vereis, maar dat die verskeie strategiesoorte verstandelike verwerking op talle maniere en vir talle doeleindes uitvoer. Indirekte strategieë, bestaande uit metakognitiewe, affektiewe en sosiale strategieë, bestuur en ondersteun taalaanleer sonder om noodwendig die doeltaal te betrek.

Die studie is binne ’n kwalitatiewe beskrywende navorsingsmetodologie uitgevoer waar ’n verskynsel – tolkaanleerstrategieë – ondersoek word. Richards (2021: 1) reken ’n kwalitatiewe ontwerp is gepas vir navorsers wat iets vernuwend wil verken, eerder as ’n bestaande verskynsel toets. Kwalitatiewe beskrywende navorsing behels die ontleding van prosesse, en hiermee spits ek op tolkaanleerstrategieë tydens prosesgerigte tolkopleiding toe. Aangesien Griffiths (2018: 61) dit die volledigste klassifikasie bestempel, word Oxford (1990) se taalaanleerstrategiemodel op prosesgerigte tolkopleiding toegepas deur die potensiaal daarvoor vir tolkaanleer en -strategieë te ondersoek, en bestaande tolkstrategieë as direkte of indirekte strategieë te tipeer.

3. Die term ‘strategie’

As ’n beduidende begrip in Van der Merwe (2025), bied ek ’n bespreking van die term ‘strategie’ in tolking en taalaanleer.

Prosesgerigte navorsing hou aldus Latif (2018: 325) en Heyerick (2021: 197)

verband met prosesse, probleme, probleemoplossingspatrone en strategieë. Die term ‘strategie’ is algemeen in tolknavoring, maar is na aanleiding van Lörcher (1991: 70), Gambier (2010: 412) en Tryuk (2010: 186) dubbelsinnig en moeilik om te omskryf. Lörcher (1991: 68) lig uit dat ‘strategie’ uit antieke Grieks en militêre wetenskap afkomstig is en betrekking het op die beplanning van ’n oorlog. Talle terme vir tolking as strategiese gedrag word uitruilbaar gebruik. Lörcher (1991: 70), Gambier (2010: 412), Tryuk (2010: 181), Ageli (2020: 8) en Heyerick (2021: 28) dui byvoorbeeld op die volgende begrippe wat op ’n gereelde basis nie noukeurig van ‘strategie’ afgebaken word nie: ‘tegniek’, ‘taktiek’, ‘metode’, ‘vaardigheid’, ‘prosedure’, ‘reël’, ‘plan’, ensovoorts. Tolknavorsers verkies egter oor die algemeen die term ‘strategie’ om werkswyse én taktieke te dek en bloot te verwys na ’n tolk se besluite. Die term word hedendaags in verskeie navorsingsvelde gebruik – ook in tweede- en vreemdetaalaanleer.

Soos die geval met tolkstrategieë, word taalaanleerstrategieë op verskillende maniere deur navorsers uitgedruk, onder meer as ‘tegnieke’ of ‘toestelle’ (Rubin, 1975: 45), ‘aksies’ of ‘tegnieke’ (Wenden, 1987: 7), ‘benaderings’ en ‘aksies’ (Ellis, 2008: 705), ‘bewerings’ of ‘stappe’ (O’Malley et al., 1985: 579), ‘gedagtes’ of ‘gedrag’ (O’Malley en Chamot, 1990: 1), ‘metodes’ (Lee, 2010: 134), ‘denke’ en ‘aksies’ (Cohen, 2011: 7), ensovoorts. Oxford (2011: 168) eggo die tolknavorsers dat die term ‘strategie’ in antieke Griekeland ontstaan het en op planne dui om ’n oorlog te wen. Deesdae dui ‘strategie’ op ’n sistematiese plan om enige doelwit te bereik. Wenden (1987: 7) en Ellis (2008: 705) beweer dat taalaanleerders strategieë in die eerste en tweede taal raadpleeg om kommunikasieprobleme te berde te bring of om op ’n leerbehoefte te reageer deur die aanleer, stoor, herroep of gebruik van die doeltaal te fasiliteer. Die begrip ‘strategie’ het ’n baie lang geskiedenis en word die konsekwentste gebruik, en daarom reken Griffiths (2018: 207) dit word hedendaags erken en aanvaar.

Alhoewel ‘tolkstrategie’ en ‘taalaanleerstrategie’ breedvoerige definisies het, dui Lee (2015) daarop dat navorsers versuim om ‘tolkaanleerstrategie’ te definieer: “Researchers in interpreting studies have neglected to define learning strategies and seem to be content with the ill-defined concept that learning strategies are various methods related to learning how to learn”. Lee (2015: 156) spreek hierdie gaping aan deur ’n tolkaanleerstrategie te definieer as “’n strategie of plan wat nie [noodwendig] direk aan die tolkproses gekoppel is nie, maar wat tolkstudente help om hulle grondslagvermoë te verbeter.” [my vertaling] Myns insiens sluit dit tolkstrategieë in, maar dit is nie tot die tolkproses beperk nie.

4. Tolkaanleer

Ondanks 'n klem op leerdergesentreerdheid, deskriptiewe pedagogie en bevoegdheidsnavorsing in tolkopleiding, moet daar steeds op tolking as leerproses, of *tolkaanleer*, toegespits word (Yan et al., 2015: 278-279). In hierdie afdeling fokus ek op die aard van tolkaanleer, gedeelde kenmerke van tolk- en taalaanleer, en leerstrategieë in tolking soos ek in die literatuur geïdentifiseer het.

4.1. Die aard van tolkaanleer

Om lewenslange leer te laat realiseer, verduidelik Horváth (2007: 105) dat tolke moet leer hóé om te leer en dat hulle die nodige leerstrategieë moet aanleer ten einde aan professionele vereistes te voldoen en tolkbevoegdheid te bevorder. Talle begrippe word gebruik om 'lewenslange leer' in tolking te illustreer, byvoorbeeld 'selfleer' (Ficchi, 1999), 'selfopleiding' (Ngoc et al., 2022), (intydse) 'selfregulering' (Herring, 2018), ensovoorts. Washbourne (2013: 2) dui ook op 'selfbestuurde leer', 'onafhanklike leer', 'outonome leer', 'selfkultuur' en uiteraard 'lewenslange leer'.

Ek onderskei tussen 'tolkaanleer' en 'tolkopleiding' soos volg: Tolkaanleer is 'n proses waaraan tolkaanleerders (hoofsaaklik) ongevraagd buite die tolkklasskamer deelneem, terwyl hulle tolkopleiding in samewerking met 'n tolkopleier in 'n klassamer onderneem. Insgelyks doen Fan (2012: 7) aan die hand dat tolkaanleer 'n aktiwiteit is wat tolkaanleerders proaktief en selfstandig uitvoer eerder as iets wat met hulle gebeur. Vir die doeleindes van die studie sluit ek egter 'tolkaanleer' as begrip onder die sambreelterm 'prosesgerigte tolkopleiding' in omdat ek tolkaanleer as 'n beduidende komponent van tolkopleiding ag.

Tydens tolking leer die tolk volgens Johnson (2016: 180) altyd in die oomblik terwyl daar getolk word. Wanneer 'n spreker oor 'n onderwerp praat wat nie vir die tolk bekend is nie, moet die tolk sin van hierdie materiaal maak en terselfdertyd terminologie aanleer en dit in tolkbeurte gebruik. Tolke bou derhalwe skemas en leer soos hulle tolk, en hulle oefen tolktegnieke soos notering terwyl hulle leer. Kiraly (1990: 208) dui aan dat daar egter in vertaal- en tolkopleiding byna geen verwysing na die onderskeid tussen verwerwing en leer gemaak word nie, terwyl dit in die kern van taalaanleer lê. Verwerwing en leer kan luidens Alves (2005) natuurlik en onbewustelik plaasvind of gelei word, maar daar is in albei gevalle 'n leerproses betrokke. 'n Leerproses soos taalaanleer het ooglopende riglyne, maar tolkaanleerders moet bloot sonder

leiding tolking aanleer en die betrokke tolkvaardighede verwerf (Kiraly, 1990: 208). In albei prosesse word daar na kommunikatiewe bevoegdheid gestreef, wat taalaanleerders én tolkaanleerders se behoeftes aan riglyne vir leer en kennisverwerwing beklemtoon.

Kiraly (2006: 73) reken die oorskakeling van passiewe (tolkaan)leerder na outonome professionele persoon word geensins voldoende in die klaskamer te berde gebring nie. Klasse tydens tolkopleiding behoort 'n konsultasie te wees: Tolkopleiers demonstreer die tegnieke vir tolkaanleerders, maar hulle moet tot onafhanklike oefening gedryf word (Horváth, 2007: 111). Hiervolgens word leer 'n selfbestendige, lewenslange en persoonlike proses. Horváth (2007: 103-104) en Maximous (2017: 33) ag lewenslange leer as noodsaaklik vir die handhawing van hoë gehaltestandaarde in 'n tolkloopbaan. Tolke is nie daartoe in staat om altyd voldoende vir tolkgeleenthede ('interpreting assignments') voor te berei nie, en daarom moet hulle lewenslange leer prioritiseer wanneer tolking as beroep gevolg word ten doel om suksesvolle leerervarings te hê.

4.2. Gedeelde kenmerke van tolk- en taalaanleer

Alhoewel navorsers verskil oor die mate waarin interdisiplinêre interaksie tussen tolking en taalaanleer moet plaasvind, was die onderskeid tussen die twee velde volgens Sawyer (2004: 3) aanvanklik nodig vanuit 'n pedagogiese oogpunt omdat taal 'n middel tot 'n doel in tolking is. Shaw et al. (2004: 70) beweer tolke maak 'n oorgang van taal- na tolkaanleer waar taalbevoegdheid as 'n basis dien waarop tolkvaardighede gebou word. Tog argumenteer Sawyer (2004: 3) dat tolknavorsers moontlik te haastig was om die waarde van taalonderrig vir tolkopleiding van die hand te wys. Ek het vyf gedeelde kenmerke van tolk- en taalaanleer geïdentifiseer wat die uitvoer van die studie ondersteun: selfregulering, prosesgerigtheid, leerdergesentreerdheid, teoretiese begronding en suksesvolle leer.

4.2.1. Selfregulering

Pietrzak (2018: 824) neem waar dat selfregulering in vertaalonderrig te make met sowel die proses as die aanleerproses het. Johnson (2016: 187) beskou selfregulering as 'n kritiese tolkvaardigheid, Li (2018: 56) bestempel dit 'n noodsaaklike deel van tolkbevoegdheid, en Moser-Mercer (2008: 14) en Pietrzak (2018: 819) reken dit is 'n aanduiding van tolkkundigheid. Selfregulerende en ervare tolke se strategiegebruik is tipies meer geoutomatiseer (Herring, 2018:

104). Alhoewel selfregulering ingrypend vir vertaal- en tolkaanleer is, neem Wen et al. (2023: 1) waar dat ondersoek na selfgereguleerde leerstrategieë binne vertaling en tolking oor die hoof gesien word.

Rubin (1987: 15) en Pretorius (2010: 4) identifiseer 'n toenemende belangstelling in hoe taalaanbieders (dosente, onderwysers, tutors, ensovoorts) taalaanleerders kan bystaan om uiteindelik selfregulerend te word – hiervandaan die klem op taalaanleerstrategieë. Oxford (2017: 69) verduidelik dat selfregulering strategiegebruik impliseer en as 'n hoofdoelwit van taalaanleerstrategiegebruik funksioneer. Die strategieë weerspieël die taalaanleerder se mate van selfregulering en is instrumente waardeur leerders meer selfreguleringsinstrumente en doeltaalvaardighede ontwikkel.

4.2.2. Prosesgerigtheid

Fox (2000: 115) bevestig dat tradisioneel voorskriftelike en produkgerigte vertaal- en tolkmetodologieë ten gunste van 'n moontlik doeltreffender prosesgerigte benadering laat vaar kan word. Omdat tradisionele opleiding volgens Gile (1994: 107) op regstelling neerkom, vertraag dit dikwels die leerproses omdat tolkopleiers die tolkaanleerders se keuses kritiseer, en hulle dié kritiek kan verwerp. Verskeie tolknavorsers ondersteun aanvanklike, prosesgerigte tolkopleiding in minstens die eerste paar maande, wat met produkgerigte opleiding opgevolg kan word. Kalina (2007: 112) en Gile (2009: 14) is sodanige voorstanders. Dit vergemaklik die strewe na optimering en stel tolkopleiers in staat om toe te spits op die tolk en die bestuur van die tolkproses.

Oxford (1990: 5) meen die beperkte fokus op bloot *wat* leerders leer (die produk of uitkoms van taalaanleer) het verskuif na 'n breër fokus op *hoe* leerders taal aanleer (die proses waarbinne leer plaasvind). Oxford (1990: 5) voeg by dat dit gelei het tot die oorweging van verskeie prosesverwante faktore, waarvan die taalaanleerder se strategiegebruik die veelseggendste is. Strategieë maak aldus Oxford (2017: 29) 'n integrale, prosesgerigte deel van selfregulering uit. Die term 'taalaanleer' is geskik omdat 'n proses eerder as 'n finale produk geïmpliseer word.

4.2.3. Leerdergesentreerdheid

Kelly (2005: 53) en Fan (2012: 2) voer aan die tolkstudent behoort die belangrikste element in enige opleidingsproses te wees. Tog neem Fan (2012: 2) waar dat tolkliteratuur tipies 'n tolkopleier se perspektief – 'n onderwysergesentreerde benadering – uitbeeld. Prosesgerigte tolkopleiding fokus op die tolkaanleerder

en is sodoende leerdergesentreerd (Fox, 2000: 115). Leerdergesentreerdheid stel die leerder in staat om te kies hoe, by wie en saam met wie om te leer. Dit betrek hulle meer by die leerproses, wat hulle aldus Maximous (2017: 32) ontvankliker maak vir die riglyne wat tolkopleiers voorhou. Tolkopleiers tree dan volgens Ficchi (1999: 206) as hulpbronne op wat inligting verskaf en leerders advies gee oor hoe om die proses ten beste aan te pak.

Sainz (1994: 135) dui daarop dat die term 'leerdergesentreerd' afkomstig uit taalaanleer is. Navorsing oor taalaanleerstrategieë is volgens Rubin (1987: 15) en Pretorius (2010: 4) aangemoedig as 'n beweging van onderwyser- na leerdergesentreerdheid, asook van onderrig na leer. Die meeste leerteoretici glo dat leer suksesvol is wanneer taalaanleerders 'n aktiewe rol inneem, bedoelende hulle ontvang nie net inligting nie, maar gryp geleenthede aan om inligting op betekenisvolle maniere te internaliseer (Rubin, 1987: 15-18). Doeltreffende taalaanleerders neem op talle maniere aktief en buigsaam aan hulle leerproses deel deur taalaanleerstrategieë in te span (Pretorius, 2010: 13). Die taalaanbieder se rol word dan, soortgelyk aan tolkopleiers s'n, volgens Ang et al. (2017: 54) dié van fasiliteerder wat taalaanleerders se deelname aan die leerdergesentreerde leerproses aanmoedig.

4.2.4. Teoretiese begronding

Gegewe die kompleksiteit van die tolkproses – begrip in die brontaal, produksie in die doeltaal én oordragprosesse tussen die twee tale – word navorsing oor vertaling en tolking deur 'n groot verskeidenheid dissiplines ingelig. Sawyer (2004: 10) meld dat Tolkwetenskap interdisziplinêr is en dikwels metodologieë aan verwante velde ontleen. Kalina (2007: 111) en Latif (2018: 330) identifiseer invloede uit sielkunde en linguistiek. Daarbenewens skakel vertaling en tolking volgens Maximous (2017: 18) en Latif (2018: 330) met velde soos semiotiek, pragmatiek en kommunikasiewetenskap. Maximous (2017: 18) bevestig dat hedendaagse opvoedkundige benaderings en tweedetaalverwerwing in tolknavorsing weerspieël word.

Die kognitiewe, sosiale en affektiewe beginsels van leer lê taalaanleerstrategieë teorie ten grondslag (Griffiths en Oxford, 2014: 4). Die heersende teoretiese paradigma was volgens Griffiths (2020: 609) aanvanklik die kognitivisme, met sosiokulturalisme of sosiokulturele teorie wat in die 1970's bygewerk is (Lantolf in Griffiths, 2020: 609). Taalonderrigteoretici het meer onlangs kenmerke van ander teorieë begin benut, onder meer selfregulering, behaviorisme, humanisme, strukturalisme, poststrukturalisme, ensovoorts (Griffiths, 2018: 48-59). Taalaanleerstrategieë teorie is gevolglik

dinamies, veelvlakkig, en kan op waardevolle maniere met ander teorieë, metodes en benaderings skakel.

4.2.5. Suksesvolle leer

Gile (1994: 112) en Kelly (2005: 13) beskou dit as nuttig in veral vroeë opleidingstadia dat prosesgerigte tolkopleiding studente toelaat om in 'n mate met talige swakpunte weg te kom aangesien dit groter buigsaamheid vir talige aanvaarbaarheid of getrouheid moontlik maak. Die tolkopleier kan nagaan dat die student spesifieke beginsels, prosesse of benaderings gevolg het en kommentaar op probleme lewer, maar sal nie daarop aandring dat spesifieke tekssegmente die enigste korrekte of beste oplossing is nie. Gile (2009: 16) doen aan die hand dat die prosesgerigte benadering tog die produk kan verbeter. 'n Goeie gehalte vertaal- of tolkproduk is volgens Ageli (2020: 7) die resultaat van 'n goed deurdragte proses gegrond op goeie besluitneming.

Die afgelope dekades toon, soos blyk uit Oyetunji (2011: 57), 'n groeiende hoeveelheid navorsingsbewyse dat taalaanleerstrategiegebruik die ontwikkeling van doeltaalvaardighede bevorder. Dit kan direk (soos woordeskataanleer) of indirek (soos die voorsiening van doeltaalinligting vir verwerking) tot leer bydra (Ellis, 2008: 705). Verskillende soorte taalaanleerstrategieë dra boonop tot onderskeie aspekte van doeltaalvaardighede by. Formele oefening kan byvoorbeeld tot talige bevoegdheidsontwikkeling bydra terwyl funksionele oefening kommunikatiewe bevoegdheid kan bevorder.

4.3. Leerstrategieë

Yan et al. (2015: 279) het in 'n opname bepaal dat leerstrategieë die belangrikste leerderfaktor in tolkopleiding is; tog word taamlik min aandag aan tolkaanleerstrategieë geskenk. Sainz (1994: 135) sê dat tolkaanleerders dikwels geensins oor hulle aktiewe rol in die leerproses uitgevra word nie, en nie bewus is daarvan of hulle leerstrategieë gebruik of nie. Alves (2005) argumenteer dat enige leerproses opeenvolgende stadia van kennisherstrukturering behels waarin leerstrategiegebruik noodsaaklik is. In die literatuuroorsig oor bestaande tolkaanleerstrategieë in Van der Merwe (2025: 52) is slegs ses studies opgespoor wat dié begrip met behulp van verskeie terme bespreek of voorstel.

Ficchi (1999: 199) se studie is waarskynlik die eerste studie oor tolkaanleerstrategieë, wat konsektiewe tolkaanleer met selfbestuur, selfregulering en selfgerigte werk verweef. Ficchi (1999: 208-211) stel verskeie 'selfleerstrategieë'

voor wat tolkopleiers kan onderrig soos gekategoriseer in verband met luister, notering en boodskaplewering (betekenisoordrag en doeltaalproduksie). Voorbeelde is 'memoriserings' (sonder notering) en 'herformulering'.

Fan (2012: 70-71) identifiseer 'hulpbronbestuurstrategieë' en 'selfgereguleerde strategieë' om kennis met behulp van beplanning, monitering en regulering (metakognitiewe strategieë) te beheer. Fan (2012: 237) voeg by dat die keuse van toepaslike leerstrategieë krities vir tolkaanleersukses is. Soortgelyk aan Fan (2012), ondersteun Pietrzak (2019: 106) selfgereguleerde leer om vertaalaanleerders te bemaatig om probleme te monitor, te beheer en daarvoor te besin. Saam met Heo (2018) en Li (2018), dui Pietrzak (2019: 112) spesifiek op '(self)assessering/refleksie' ('n metakognitiewe strategie vir die evaluering van die leerproses) as leerstrategie/leervaardigheid/leertegniek. Chen (2014: 10) ag tolkaanleer as 'n voortdurend ontwikkelende proses wat deel van die tolk se daaglikse lewe uitmaak. Haar studie is teoreties binne prosesgerigte gesitueerde leerteorie gefundeer met die uitbeelding van leer as sosiaal deelnemende proses. Sy identifiseer verskeie tolkaanleerstrategieë, waar sogenaamde affektiewe en sosiale strategieë soos 'bly kalm' en 'portuurleer' figureer.

Li (2014; 2015) het twee betekenisvolle studies uitgevoer om tolkaanleerstrategieë voor te stel wat op volledigheid, akkuraatheid en vlotheid toespits. Voorbeelde is 'notering' en 'logiese ontleding' (ooglopend kognitiewe strategieë) vir volledigheid, 'versterkingstrategie' en 'vervangingstrategie' vir akkuraatheid (ooglopend kompensasiestategieë) en 'behoud'-n-bestendige-tolkspoedstrategie' ('n kognitiewe strategie) vir vlotheid. In Lee (2015: 201) se studie is daar bevind dat 'oefen' (as kognitiewe strategie) die gewildste leerstrategie onder die deelnemers was, gevolg deur strategieë soos 'memoriserings' (geheuestrategie) en 'notering' (kognitiewe strategie). Li (2014; 2015) en Lee (2015) maak met hulle studies 'n beduidende bydrae tot tolkaanleer, maar ek merk derhalwe op dat al die strategieë as direk getipeer kan word.

Sover my kennis strek, is Xu en Liu (2023: 2) se studie die nuutste navorsing oor tolkaanleerstrategieë. Hulle identifiseer strategieë soos 'oefen tolking' (kognitief) en 'skenk aandag in die klas' (metakognitief) onder hulle respondente (Xu en Liu, 2023: 11). Hulle heg ook waarde aan die rol van genot as affektiewe faktor in die tolkklassamer.

Asgarian (2014: 172-173) is van mening dat vertaalstudente se taalaanleerstrategiegebruik uitgebreide navorsing vereis. Uiteraard het ek verder ondersoek ingestel na vorige studies wat die uiteenlopende velde van tolking en taalaanleerstrategieë verbind het, wat ek voorts aan die lig bring.

Zheng (in Li, 2014: 1304) se magisterverhandeling het tolkaanleer-

strategieë na aanleiding van taalaanleerstrategieë in kognitiewe, meta-kognitiewe en sosio-affektiewe strategieë gekategoriseer. Yang (in Li, 2014: 1304) se magisterverhandeling het hierop voortgebou deur tolkaanleer-strategiedoeltreffendheid en -opleiding te ondersoek. Lei (in Li, 2014: 1304) het 'n konseptuele tolkaanleerstrategiemodel met vier strategiedimensies gekonstrueer, naamlik kognitiewe, affektiewe, sosiale en kompensasiestategieë.

Miyamoto (2008: 146) wys daarop dat daar geen universeel aanvaarde leerstrategiekriteria in tolking blyk te wees nie. Tolkvaardigheidsaanleer vereis 'n voldoende hoeveelheid selfleer ('n term wat Ficchi [1999] ook gebruik) buite die klaskamer. Miyamoto (2008: 150) het 'n verskeidenheid kognitiewe (soos 'neem bondige notas') en metakognitiewe (soos 'gebruik herwinde papier vir notering') taalaanleerstrategieë onder sy tolkdeelnemers gevind. Chiang en Villarreal (2013: 147) het opgemerk dat tolkaanleerders se taalbevoegdheid dikwels nie vir tolking geskik is nie. Hulle het Oxford (1990) se model as teoretiese raamwerk op tolking toegepas en al ses strategiesoorte onder tolkaanleerders gemeet. Chiang en Villarreal (2013: 151) se resultate het aangedui dat kompensasiestategieë (byvoorbeeld 'raai met behulp van konteks' en 'gebruik lyftaal') die gewildste strategiesoort was.

5. Tolkstrategieë

In hierdie afdeling word tolkstrategieë as verskynsel breedvoerig bespreek. Die aard van tolkstrategieë word eerstens bespreek, waar die kenmerke daarvan uitgelig word tesame met tolkstrategiesoorte soos tolk, funksie, taalpaar- en kenner-beginner-spesifieke tolkstrategieë.

Op grond van die bespreking skep ek 'n tolkstrategietabel waar ek poog om elke strategie in die literatuur in te sluit. Uiteindelik word hierdie tabel gebruik om tolkstrategieë aan die hand van Oxford (1990) se taalaanleerstrategiemodel te kategoriseer.

5.1. Die aard van tolkstrategieë

Lörscher (1991: 78) definieer 'n vertaalstrategie as "'n potensieel bewuste prosedure vir die oplossing van 'n probleem waarmee 'n individu gekonfronteer word wanneer 'n tekssegment uit een taal in 'n ander vertaal word" [my vertaling]. Kalina (1998: 99) bied 'n definisie van spesifiek 'n tolkstrategie as "'n doelgerigte proses onder doelbewuste beheer" [my vertaling].

Weens talle perspektiewe op die aard van tolkstrategieë, sit ek die bepalende kenmerke daarvan in Van der Merwe (2025: 37) uiteen:

- 'n Tolkstrategie maak deel van die tolk se gedrag, besluite, aksies en reaksies uit.
- 'n Tolkstrategie is doelgerig, toegespits op die voorkoming en/of oplossing van 'n probleem, gefokus op die bestuur van druk, beheer en die bereik van 'n kommunikatiewe doelwit.
- 'n Tolkstrategie beskik oor 'n element van optimering, is potensieel vooraf beplan, word moontlik bewustelik gebruik en kan ná herhaalde gebruik geoutomatiseer word.
- Sommige tolkstrategieë is tolkspesifiek, en ander is in eentalige kommunikasie teenwoordig.
- Tydens tolking kan meer as een tolkstrategie op een slag toegepas word.

In die vroeë 1970's het navorsing oor tolkstrategieë danksy vakkundige aandag aan taalaanleer- en taalverwerwingstrategieë toegeneem, met Barik (1971), Kirchhoff (1976/2002) en Wilss (1978) van die eerste navorsers wat tolkstrategieë uitgelig het. Kirchhoff (1976/2002) het individuele grotendeels tolkspesifieke strategieë gelys, en daarna het navorsers onder meer die volgende gewilde tolkstrategiemodelle geskep: begrips-, voorkomings- en herformulerings- of 'comprehension, preventive and reformulation tactics' (Gile, 1995; 2009); spraakpersepsie- en spraakproduksiestrategieë of 'speech perception and speech production strategies' (Kohn en Kalina, 1996); begrip- en produksiestrategieë of 'comprehension and production strategies' (Kalina, 1998); prestasie- en inkortingstrategieë of 'achievement and reduction strategies' (Al-Khanji et al., 2000); begrips-, herformulerings- en noodstrategieë of 'comprehension, reformulation and emergency strategies' (Donato, 2003); vaardigheids- en kennisgebaseerde strategieë, en algehele en noodstrategieë of 'skill-based and knowledge-based strategies, and overall and emergency strategies' (Riccardi, 1998; 2005).

Kalina (2015: 404) maak melding daarvan dat sommige tolkspesifieke strategieë die meeste aandag in vroeë empiriese navorsing getrek het, soos 'antisipering', 'weglating', 'samepersing', 'byvoeging', 'vervanging', 'segmentering', en 'volgafstand' (tussen die bron- en doeltteks) of 'sloeringstyd'. Setton (1999: 50) verwys na 'sloeringstyd' as 'wag'. Barik (1971: 200) se taksonomie onderskei tussen vier soorte weglatings: 'oorslaan', 'begrip', 'sloering' of 'vertraging' en 'samestelling'. Hierdie weglatings is ook samepersingstrategieë (Chernov, 2004) benoem. Verder onderskei Barik (1971: 202-204) tussen 'byvoeging' en 'vervanging'. 'Segmentering' – die 'salamitegniek' (Jones, 1998: 91) of 'verdeling' (Setton, 1999: 50) – word

deur Kirchhoff (1976/2002: 114) uitgelig as die verdeling van 'n teks in kort, eenvoudige sinne.

Ek neem waar dat tolkstrategiemodelle dikwels op grond van strategiefunksie opgestel word: of dit byvoorbeeld produksie of begrip vergemaklik. Ek verwys hierna as 'funksiespesifieke tolkstrategieë'.

Sowel Tryuk (2010: 183) as Trisnawati en Netta (2020: 68) reken Gile (1995; 2009) se tolkstrategiemodel is die volledigste in die studieveld. Gile (2009: 201-211) skep 'n lys hanteringstaktieke met betrekking tot sy Inspanningsmodel wat in drie hoofkategorieë verdeel word: begrips-, voorkomings- en herformuleringstaktieke. Gile (2009: 201-204) lys vier begripstaktieke: 'uitstel' of 'vertragingstaktieke', 'herkonstrueer die segment met behulp van konteks' (afleiding) en 'kry hulp' (raadpleeg die tolkollega se bystand of hulpbronne). Die voorkomingstaktieke is 'notering', 'verlenging of verkorting van volgaafstand', 'segmentering of verdeling van korttermyngeheue' en die 'verandering van elemente se volgorde' of 'transformasie' (Gile, 2009: 204-206). Gile (2009: 206-211) se herformuleringstaktieke is die volledigste, waarvan die eerste drie dieselfde as die begripstaktieke is. Die ander strategieë is 'veralgemening', 'herformulering of verduideliking', 'nabootsing', 'transkodering', 'kitsnaturalisering' en 'vormgebaseerde tolking'. Gran (1998: 155-156) bespreek ook 'veralgemening', 'weglating', 'vervanging', 'byvoeging', 'intonasie' en 'vereenvoudiging' as herformuleringstrategieë. 'Weglating', 'lig afgevaardigdes of luisteraars van 'n tolkprobleem in of verwys hom/haar na 'n ander inligtingsbron', 'parallele herformulering' en 'afskakel van die mikrofoon' is Gile (1995; 2009) se herformuleringstaktieke wat slegs in uiterste gevalle gebruik kan word.

Maximous (2017: 25) lewer kritiek op Gile (1995/2009) se hanteringstaktiek-model deur te beweer dit versuim om taktieke uit te lig wat tydens skakel-tolking geraadpleeg word, soos 'n 'verduidelikingsversoek'. Ek beaam Maximous (2017) se kritiek en meen in Van der Merwe (2025: 40) 'n fokus op kongrestolkstrategieë is 'n groot rede waarom daar 'n gebrek aan hierdie soort indirekte strategieë in tolking is.

Kohn en Kalina (1996: 127) stel die tolk se doelwit is om, met behulp van sekere strategieë, die spreker se bedoelings aan doelteksentvangers oor te dra. Kohn en Kalina (1996: 132) onderskei tussen spraakpersepsie- en spraakproduksiestrategieë, semantiese of sintaktiese strategieë, wêreldkennis- of linguistiese kennisgebaseerde strategieë, en nood- of kompensasiestategieë. Al-Khanji et al. (2000: 553-555) oorweeg ook kompensasiestategieë – 'oorslaan', 'approksimasie', 'onvoltooide sin', 'filtrering', en 'vervanging' – soos verdeel in prestasie- en inkortingstrategieë.

Twee jaar ná Kohn en Kalina (1996) beskryf Kalina (1998) simultane tolkstrategieë in 'n monografie, soos verdeel in twee groepe, naamlik begrips- en produksiestrategieë, en voorbereidingstrategieë. Begripstrategieë is 'afleiding', 'antisipering' en 'verdeling', en produksiestrategieë word onderverdeel in bronteksgekondisioneerde ('transkodering' of 'sintaktiese transformasie'), doelteksgekondisioneerde ('verlenging of verkorting van die volgafstand', 'tekssamevatting', 'byvoeging', ensovoorts), stilistiese en aanbiedings- ('pouseverspreiding', 'intonasie', 'die gebruik van nieverbale uitdrukkingsmiddele', ensovoorts), nood- ('samepersing', 'veralgemening', 'vereenvoudiging', 'neutralisering', 'weglating', 'approksimasie' en 'regstelling'), herstel- ('selfregstelling' en 'geen regstelling nie') en algemene strategieë ('monitering'). Riccardi (2005: 764-765) identifiseer ook begrips- en produksiestrategieë. Die begripstrategieë is 'antisipering', 'segmentering', 'verdeling', 'seleksie van inligting' en 'uitstel'; die produksiestrategieë is 'uitbreiding', 'approksimasie', 'samepersing', 'veralgemening', 'morfosintaktiese transformasie' en 'die benutting van prosodiese elemente soos intonasie en pouses'.

Pöchhacker (2004: 132-135) reken 'n strategie kan algemeen, spesifiek, prosesgerig of produkgerig wees en kan intyds gebruik word, al dan nie. Deur te identifiseer dat strategieë nie noodwendig intyds geraadpleeg word nie, reken ek in Van der Merwe (2025: 40) dat Pöchhacker (2004) 'n belangrike stap geneem het om indirekte strategieë daar te stel. Die gelyste strategieë is 'voorbereiding', 'woordelysbywerking', 'vertraging', 'notering', 'wag', 'uitstel', 'verdeling', 'weglating', 'antisipering', 'samepersing' (of 'samevatting'), 'vervanging', 'seleksie' en 'eksplisitering'.

Kalina (1998: 114) bepaal in haar monografie dat strategiegebruik tydens simultane tolking minstens gedeeltelik deur die taalpaar gedikteer word, wat impliseer dat sommige tolkstrategieë 'taalpaarspesifiek' kan wees. Donato (2003) klassifiseer tolkstrategieë na analogie van begrips-, herformulerings- en noodstrategieë in tolking uit Engels in Italiaans, asook uit Duits in Italiaans. Donato (2003: 106-107) se begripstrategieë is 'antisipering', 'sloeringstyd' en 'uitstel'. Die herformuleringsstrategieë is 'sintaktiese segmentering', 'morfosintaktiese herformulering' ('morfosintaktiese transformasie', 'minsteverbintenis-strategie' en 'die verandering van frases of elemente se volgorde'), 'uitbreiding' ('byvoeging', 'herhaling' en 'herformulering') en 'sintese' ('samepersing' by wyse van 'veralgemening', 'vereenvoudiging' en 'skrapping'). Donato (2003: 107) se laaste kategorie noodstrategieë is 'transkodering', 'ontduiking', 'approksimasie' en 'vervanging'. Donato (2003: 129-130) lei af dat taalpaarspesifieke beperkings soos strukturele asimmetrieë

die gebruik van taalpaarspesifieke strategieë vereis. Met die gebruik van Kalina (1998) se klassifikasiemodel fokus Liontou (2011: 51-52) ook op die volgende taalpaarspesifieke tolkstrategieë tydens simultane tolking uit Duits in Grieks: 'volgafstand', 'selfregstelling', 'antisipering', 'verdeling', 'teksuitbreiding' en 'sintaktiese transformasie'.

Bartłomiejczyk (2006: 164-165) dui aan dat verskillende taalpaarspesifieke tolkstrategieë tydens tolking tussen Engels en Pools gebruik word: 'approksimasie', 'antisipering', 'byvoeging', 'verskuiwing', 'uitstel', 'afleiding', 'parallele herformulering', 'samepersing', 'skrapping', 'herformulering', 'regstelling', 'geen regstelling nie', 'transkodering', 'oordraging', 'sintaktiese transformasie', 'transkodering', 'geen transkodering nie', 'persoonlike assosiasie en betrokkenheid', 'visualisering' en 'algemene kennis'. Ek verwys voorts na die vermyding van 'n strategie soos 'regstelling' en 'transkodering' as 'strategievermyding'.

Bevilacqua (2009: 28) argumenteer dat die volgende strategieë 'n bewustheid van die tipologiese verskille tussen Nederlands en Italiaans kweek, en sodoende leer versnel: 'antisipering', 'volgafstand', 'samepersing', 'weglating' en 'herformulering'. Ek bespreek hierdie studie omdat dit die naaste blik op 'n SOV-taal ('subject-object-verb') bied. Sover my kennis strek, is daar tans geen studies oor tolkstrategiegebruik tydens tolking met Afrikaans as SOV-taal nie.

Riccardi (1996: 214) ondersoek strategieë wat tolke met verskillende vlakke van ondervinding (beginners teenoor kenners) gebruik wanneer hulle 'n simultane tolktaak aanpak. Riccardi (1996: 217-221) verwys na 'antisipering', 'leksikale buigsaamheid', 'vaste uitdrukkings', 'weglating', 'verandering van woordorde', 'oorslaan', 'toevlug tot wêreldkennis' en 'samepersing' as sogenaamde kenner-beginner-spesifieke strategieë.

Twee jaar later onderskei Riccardi (1998: 177-178) tussen algehele en noodstrategieë en fokus op die volgende tolkstrategieë: 'antisipering', 'minsteverbintenis-strategie', 'verdeling' en 'frasetransformasie-strategie'. Haar algehele strategieë is 'vertraging' en 'monitering', terwyl die noodstrategieë 'verwydering', 'parallele herformulering' en 'transkodering' is.

Riccardi (2005: 760-762) beeld nogmaals vaardigheds- en kennisgebaseerde strategieë as kenner-beginner-spesifieke strategieë uit. Met toenemende kundigheid bereik tolkaanleerders die vaardighedsgebaseerde vlak, oftewel die kennervlak, met behulp van strategieë soos 'antisipering', 'volgafstand', 'verdeling', 'pouseverspreiding', 'wêreldkennisaktivering', 'formuletaal', 'seleksie', 'weglating', 'byvoeging', 'parafrase', 'vormgebaseerde tolking' en 'intonasie'. Riccardi (2005: 765) beklemtoon die aanpasbaarheid

van strategiekategorieë in die volgende aanhaling: “[O]f course, categories will be open and can host numerous other strategies, depending on the kind of interpreting solution examined.”

Tryuk (2010: 185) wys tereg uit dat daar nie eenstemmigheid in die aanbied van ’n lys tolkstrategieë is nie. Daar is talle tolkstrategiemodelle wat dikwels onversoenbaar is omdat navorsers in dié modelle tolkstrategieë met ’n spesifieke hipotese en spesifieke omstandighede bestudeer. Daarom ag ek dit nodig om ’n tolkstrategietabel te skep om al die tolkstrategieë in die literatuur vas te vang.

5.2. Die skep van ’n tolkstrategietabel

In Van der Merwe (2025: 43-48) is ’n tolkstrategietabel opgestel na analogie van onder meer die modelle wat reeds bespreek is, en meer onlangse uiteensettings deur Li (2013: 110-113), Dong, Li en Zhao (2019: 423-424), Ageli (2020: 9) en Heyerick (2021: 191-192). Ek het Li (2013) se tabelformaat as vertrekpunt gebruik en bygewerk omdat dit meer as dertig tolkstrategieë in die literatuur identifiseer. Ek het ook met inspirasie van Dong et al. (2019: 410) bestaande beskrywings van die tolkstrategieë geraadpleeg om die verskillende definisies te vergelyk en die beste weergawe te formuleer. Die tolkstrategie en benamings word aan die linkerkant verskaf, gevolg deur ’n definisie en die navorsers wat die strategie bespreek en/of in hulle modelle insluit aan die regterkant.

Ek beoog om al hierdie strategieë aan die hand van Oxford (1990) se taalaanleerstrategiemodel te tipeer. Direkte strategieë, in dié geval, behels direk die tolkhandeling tussen twee tale en indirekte strategieë word vir die bestuur van die tolkaanleerproses gebruik. Hiervolgens voorspel ek dat indirekte strategieë in die literatuur oor tolkstrategieë oor die hoof gesien word.

Tabel 1: ’n Opsomming van verskillende tolkstrategieë

Strategie	Definisie	Navorsers
Aanpassing	Om die doelteks by die doeltaalgehoor en -kultuur aan te pas.	Kohn en Kalina, 1996; Pöchhacker, 2004
Afleiding	Om brontaalinligting volgens konteks, agtergrondkennis of wêreldkennis te herroep.	Gile, 1995/2009; Kohn en Kalina, 1996; Gran, 1998; Kalina, 1998; Chernov, 2004; Bartłomiejczyk, 2006

Afskakel van die mikrofoon	Om weens ernstige tolkprobleme die mikrofoon af te skakel en te versuim om te tolk.	Keiser, 1978; Gile, 1995/2009; Li, 2010
Antisiperings	Om komende brontaalinligting of uitdrukkings jeens die talige of buitetalige konteks te voorspel en 'n doeltekssegment te produseer voor dit deur die spreker gesê word.	Kirchhoff, 1976/2002; Wilss, 1978; Gile, 1995/2009; Kohn en Kalina, 1996; Riccardi, 1996/1998/2005; Kalina, 1998; Setton, 1999; Donato, 2003; Chernov, 2004; Pöchhacker, 2004; Bartłomiejczyk, 2006; Bevilacqua, 2009; Tryuk, 2010; Lontou, 2011
Eksplisitering, byvoeging, uitbreiding, verduideliking	Om inligting in die doelteks by te voeg en die brontaalboodskap aan te vul deur dit duideliker, meer eksplisiet, meer logies en meer koherent te maak.	Barik, 1971; Gile, 1995/2009; Kohn en Kalina, 1996; Gran, 1998; Kalina, 1998; Al-Khanji et al., 2000; Donato, 2003; Pöchhacker, 2004; Riccardi, 2005; Bartłomiejczyk, 2006; Lontou, 2011; Li en Dong, 2021
(Gebruik van) formuletaal, vaste uitdrukkings	Om vaste uitdrukkings soos inleidings en bedankings in die doelteks te gebruik.	Riccardi, 1996/2005
Herformulering, approksimasie, parafrase	Om redelik vry te vertaal en die bedoelde betekenis in ander woorde te verduidelik.	Barik, 1971; Kirchhoff, 1976/2002; Lörcher, 1991; Gile, 1995/2009; Kohn en Kalina, 1996; Gran, 1998; Riccardi, 1998/2005; Al-Khanji et al., 2000; Donato, 2003; Bartłomiejczyk, 2006; Bevilacqua, 2009

Herhaling	Om inligting wat slegs een maal in die bronteks voorgekom het minstens twee keer in die doelteks te lewer, of ander variante of sinonieme daarvan te lewer indien dit meer as een moontlike ekwivalent het.	Herbert, 1952; Kirchhoff, 1976/2002; Lörscher, 1991; Kohn en Kalina, 1996; Donato, 2003
Intonasie	Om paralinguistiese leidrade soos die styg of daal van intonasie te raadpleeg.	Gran, 1998; Kalina, 1998; Riccardi, 2005
Kry hulp	Om die tolkollega, dokumente, 'n slimfoon, woordeboek of ander hulpbron te raadpleeg.	Gile, 1995/2009
Lig die kliënt of spreker oor 'n tolkprobleem in of verwys hom/haar na 'n ander inligtingsbron	Om verbale of nieverbale taal te gebruik om aan te dui dat die brontaal nie verstaan word of 'n vertaalekwivalent nie opgespoor kan word nie.	Herbert, 1952; Gile, 1995/2009
Memoriserings	Om inligting vir 'n tolkgeleentheid uit jou kop uit te leer.	Kohn en Kalina, 1996
Monitering	Om te monitor wat getolk is en te bepaal of dit nodig is om antisiperings of hipoteses te hersien.	Kohn en Kalina, 1996; Kalina, 1998; Riccardi, 1998
Nabootsing	Om die sprekers se taalgebruik te assimileer en klanke na te maak.	Gile, 1995/2009; Chang et al., 2019
Nieverbale gedrag	Om gebare, gesigs-uitdrukkings of enige ander ongesproke gedrag in te span.	Kalina, 1998

Notering	Om notas van die bronteks te neem om die beperkings van korttermyngeheue te oorkom.	Gile, 1995/2009; Pöchhacker, 2004; Tryuk, 2010
Ontduiking, neutralisering, parallelle herformulering, raaiwerk, vulling, vermyding, minsteverbintenis-strategie	Om die tolkbeurt vaag te hou en met neutrale sinsgedeeltes te begin, of inligting te fabriseer om verbintenis tot 'n definitiewe posisie te vermy.	Gile, 1995/2009; Kohn en Kalina, 1996; Kalina, 1998; Riccardi, 1998; Al-Khanji et al., 2000; Donato, 2003; Meuleman en Van Besien, 2009
Onvoltooide sin, onvolledige sin	Om bewustelik geformuleerde uitings te tolk, in die middel van die sin op te hou tolk en groot eenhede van die bronteks weg te laat.	Kohn en Kalina, 1996; Al-Khanji et al., 2000
Oordraging	Om brontaaluitdrukking doelbewus onveranderd in die brontaal te laat.	Gile, 1995/2009; Bartłomiejczyk, 2006
Persoonlike assosiasie en betrokkenheid	Om die rol van die spreker te bedink deur byvoorbeeld ooreenkoms, meningsverskil of verbasing te toon.	Bartłomiejczyk, 2006
Pouseverspreiding	Om pouses strategies te benut om die kommunikasie van inhoud aan die gehoor aan te help en versadiging te vermy.	Kalina, 1998; Riccardi, 2005
Regstelling, selfregstelling	Om 'n foutiewe, verdraaide of teenstrydige tolkbeurt of 'n tolkbeurt wat beter uitgedruk kan word, reg te stel.	Kohn en Kalina, 1996; Riccardi, 1996; Kalina, 1998; Al-Khanji et al., 2000; Bartłomiejczyk, 2006; Lontou, 2011

Samepersing, samevatting, samestelling, opsomming, filtrering, seleksie, sintese, strategiese inligtingsvermindering	Om die tolkbeurt bondig en ekonomies in die doeltaal uit te druk deur oortolligheid te verwyder en die boodskap te behou.	Herbert, 1952; Kirchhoff, 1976/2002; Kohn en Kalina, 1996; Riccardi, 1996/2005; Kalina, 1998; Al-Khanji et al., 2000; Donato, 2003; Pöchhacker, 2004; Bartłomiejczyk, 2006; Bevilacqua, 2009; Li, 2010; Tryuk, 2010; Liontou, 2011
Strategievermyding	Om doelbewus 'n strategie soos 'transkodering' of 'regstelling' nie te gebruik nie.	Kalina, 1998; Bartłomiejczyk, 2006; Liontou, 2011
Toevlug tot wêreldkennis, wêreldkennisaktivering, gedeelde inligting	Om die bronteks-boodskap met die tolk se kennis oor 'n gegewe veld in verband te bring.	Kohn en Kalina, 1996; Riccardi, 1996/2005; Gran, 1998; Bartłomiejczyk, 2006
Transformasie, buigsame sinsbeplanning, herstrukturering, omsetting, ordeverandering, volgordeverandering, verskuiwing	Om van die woordklas, woordorde, sinstruktuur of sinsvolgorde in die bronteks af te wyk en die doelteks anders te formuleer.	Kirchhoff, 1976/2002; Wilss, 1978; Gile, 1995/2009; Kohn en Kalina, 1996; Riccardi, 1996; Kalina, 1998; Riccardi, 1998; Donato, 2003; Riccardi, 2005; Bartłomiejczyk, 2006; Liontou, 2011
Transkodering, oordrag, leenvertaling, woord-vir-woord-vertaling, direkte vertaling, kitsnaturalisering, vormgebaseerde tolking	Om die bronteksitem(s) se oppervlakstruktuur te ontleen en in die doelteks te gebruik, sonder enige veranderinge aan die item(s) self.	Gile, 1995/2009; Kohn en Kalina, 1996; Kalina, 1998; Riccardi, 1998/2005; Donato, 2003; Bartłomiejczyk, 2006

Uitstel, sloering, vertraging, verdragingsaksie, wag	Om tyd te wen vir nuwe inkomende invoer deur produksie uit te stel of stadiger te praat.	Kirchhoff, 1976/2002; Gile, 1995/2009; Kohn en Kalina, 1996; Riccardi, 1998; Set-ton, 1999; Donato, 2003; Pöchhacker, 2004; Bartłomiejczyk, 2006; Meu-leman en Van Besien, 2009; Liontou, 2011
Veralgemening	Om die bronteks-segment met 'n algemener segment of superordinaat te vervang.	Gile, 1995/2009; Kohn en Kalina, 1996; Gran, 1998; Kalina, 1998; Donato, 2003
Verdeling, die salamitegniek, segmentering	Om die bronteks-diskoers (veral lang en komplekse sinne) in betekenisvolle eenhede te verdeel wat lineêr getolk kan word.	Kirchhoff, 1976/2002; Gile, 1995/2009; Kohn en Kalina, 1996; Jones, 1998; Kalina, 1998; Riccardi, 1998/2005; Setton, 1999; Donato, 2003; Pöchhacker, 2004; Kalina, 2007; Meuleman en Van Besien, 2009; Liontou, 2011
Verduidelikingsversoek	Om direk met 'n ander party te kommunikeer om te versoek dat 'n uiting as geheel of gedeeltelik verklaar word.	Maximous, 2017
Vereenvoudiging	Om die bronteks-segment met 'n eenvoudiger doeltaalsegment te vervang.	Kohn en Kalina, 1996; Gran, 1998; Kalina, 1998; Donato, 2003

Vervanging, (gebruik van) sinonieme	Om 'n benaderde bronteksekwivalent te gebruik wanneer die tolk nie betyds toegang tot die 'ideale' weergawe kry nie.	Barik, 1971; Gile, 1995/2009; Kohn en Kalina, 1996; Gran, 1998; Kalina, 1998; Al-Khanji et al., 2000; Donato, 2003; Pöchhacker, 2004; Bartłomiejczyk, 2006
Visualisering	Om 'n prentjie in die geestesoo van 'n beskrywende brontaalboodskap te skets.	Bartłomiejczyk, 2006
Volgafstand	Om beskikbare verwerkingskapasiteit te bestuur deur die gaping tussen die bronteks en doelteks te verleng of te verkort.	Gile, 1995/2009; Riccardi, 1996/2005; Kalina, 1998; Donato, 2003; Pöchhacker, 2004; Bevilacqua, 2009; Liontou, 2011
Vorbereiding	Om vir 'n tolkgeleentheid voor te berei en met die inhoud vertrouwd te word.	Gile, 1995/2009; Kalina, 1998; Pöchhacker, 2004; Bartłomiejczyk, 2006
Weglating, oorslaan, skrapping, verwydering	Om 'n brontaalsegment in die doelteks met of sonder stiltes en pouses weg te laat.	Barik, 1971; Gile, 1995/2009; Kohn en Kalina, 1996; Riccardi, 1996/1998/2005; Gran, 1998; Kalina, 1998; Al-Khanji et al., 2000; Donato, 2003; Pöchhacker, 2004; Bartłomiejczyk, 2006; Bevilacqua, 2009
Woordelysbywerking	Om die woordelys voor, tydens of ná die tolkgeleentheid by te werk.	Moser-Mercer, 1992; Pöchhacker, 2004; Corsellis, 2008; Jiang, 2013; Chang et al., 2019

5.3. Kategorisering aan die hand van Oxford (1990) se model

Die tabel bevat 38 tolkstrategieë met talle benamings. Deur Oxford (1990) se taalaanleerstrategiemodel op tolkstrategieë toe te pas, bevind ek dat daar enersyds minimale indirekte strategieë jeens die model blyk te wees, en andersyds blyk dit of die mees bespreekte strategieë soos ‘antisipering’, ‘eksplisitering’ en ‘herformulering’ direk van aard is. Ek bespreek voorts die kategorisering na analogie van strategiesoort, en lig een voorbeeld van elk uit.

Geheue taalaanleerstrategieë word al vir duisende jare gebruik en versterk hoofsaaklik woordeskataanleer en grammatikale akkuraatheid (Oxford, 1990: 9). In Van der Merwe (2025: 99) word drie tolkstrategieë as direkte geheuestrategieë getipeer omdat dit hoofsaaklik geheuelading bestuur: ‘memorisering’, ‘visualisering’ en ‘voorbereiding’. Memorisering in tolking het betrekking op byvoorbeeld tolkgeleentheidspesifieke terminologie-aanleer, terwyl dit in taalaanleer dikwels vir woordeskataanleer aangewend word. Lee (2015: 201) en Xu en Liu (2023: 11) het gelykerwys ‘memorisering’ as tolkaanleerstrategie uitgewys (sien 4.3). Ficchi (1999: 208) verfyn hierdie strategie as die memorisering en produksie van inligting in die moedertaal en tweede taal sonder om te noteer.

Oxford (1990: 43) beweer kognitiewe strategieë beïnvloed hoe taalaanleerders inligting verwerk deurdat hulle direk by die leermateriaal betrokke raak om taakuitvoering te fasiliteer. Ek identifiseer tien direkte kognitiewe strategieë in Van der Merwe (2025: 114) omdat dit kognitiewe verligting bring en kognitiewe lading versag, naamlik ‘antisipering’, ‘die gebruik van formuletaal’, ‘herhaling’, ‘notering’, ‘samepersing’, ‘transformasie’, ‘verdeling’, ‘volgafstand’, ‘pouseverspreiding’ (soortgelyk aan Li [2014; 2015] se ‘behou-’n-bestendige-tolkspoed-strategie’ in 4.3) en ‘uitstel’. Die strategie ‘notering’ in tolking word ingespan om aantekeninge van die bronteks te maak om kognitiewe lading te versag, en in taalaanleer maak taalaanleerders aantekeninge om struktuur vir invoer en produksie te skep. Die ‘regulering van inspanning’ is deur Fan (2012) as tolkaanleerstrategie vir hulpbronbestuur aangedui (4.3). Die gewildste bestaande kognitiewe tolkaanleerstrategie is egter ‘oefen’, soos bepaal deur Chen (2014), Lee (2015) en Xu en Liu (2023).

Kompensasiestategieë bied aan taalaanleerders die geleentheid om die doeltaal ondanks kennisbeperkings vir begrip of produksie te gebruik (Oxford, 1990: 47). Weens die probleemgerigte en intydse aard van tolkstrategieë soos in Van der Merwe (2025: 2) opgemerk, tipeer ek amper die helfte daarvan in die tabel as kompensasiestategieë. Dié 18 strategieë is ‘afleiding’, ‘afskakel van die mikrofoon’, ‘eksplisitering’, ‘herformulering’, ‘intonasie’, ‘kry hulp’, ‘lig

die kliënt of spreker oor 'n tolkprobleem in of verwys hom/haar na 'n ander inligtingsbron', 'nabootsing', 'nieverbale gedrag', 'ontduiking', 'onvoltooide sin', 'oordraging', 'toevlug tot wêreldkennis', 'transkodering', 'veralgemening', 'vereenvoudiging', 'vervanging' en 'weglating'. Die strategie 'afleiding' vind weerklank in tolking in die vorm van intelligente raaiwerk met behulp van talige elemente of konteks wanneer tolke probleme in die gesig staar. Taalaanleerders waag ook intelligente raaiskote en gebruik 'afleiding' om vir 'n gebrek aan doeltaalkennis te kompenseer.

Uit die bogenoemde bespreking kan daar gevolglik afgelei word dat 'n totaal van 31 uit die 38 strategieë direk blyk te wees wat uitdruklik met die tolkproses tussen twee tale te make het.

Metakognitief, as die eerste indirekte strategiesoort, beteken 'saam met die kognitiewe' en stel taalaanleerders in staat om oor hulle leerproses te dink en dit te koördineer (Oxford, 1990: 136). In die tabel tipeer ek vier tolkstrategieë as oorwegend metakognitief, naamlik 'monitering', 'regstelling', 'strategievermyding' en 'woordelysbywerking'. Die strategie 'monitering' in tolking hou verband met die monitering van wat getolk is en bepaling of dit nodig is om antisiperings of hipoteses te hersien en moontlik regstelling uit te voer. In taalaanleer word 'selfmonitering' geraadpleeg om die leerproses te evalueer. Metakognitiewe taalaanleerstrategieë vir tolking (4.3) is bowendien deur twee navorsers oorweeg: Miyamoto (2008) en Chiang en Villareal (2013). Miyamoto (2008) kom tot die gevolgtrekking dat tolkaanleerders metakognitiewe strategieë onderbenut, terwyl Chiang en Villareal (2013) aantoon dat metakognitiewe taalaanleerstrategiegebruik onder tolke hulle konsekwetietolkwerksverrigting taamlik verbeter.

Affektiewe faktore soos houding, motivering en angs is beduidend in suksesvolle taalaanleer (Griffiths, 2018: 159). Ek merk op dat geen affektiewe tolkstrategieë in die tolkstrategietabel verskyn nie. Insgelyks toon studies volgens Oxford (1990: 143) dat affektiewe taalaanleerstrategieë onderbenut word. Betreffende bestaande tolkaanleerstrategieë wys Chen (2014) en Xu en Liu (2023) op die belang van genot as affektiewe faktor in die leerproses (4.3), en Miyamoto (2008) dui op 'probeer om nie paniekerig te raak terwyl jy die taak aanpak nie' en 'geniet leer' as strategieë vir tolkaanleer. Chiang en Villareal (2013) het ook in hulle studie geen gewilde affektiewe taalaanleerstrategieë vir tolkaanleer bevind nie, maar toon aan dat affektiewe strategiegebruik 'n positiewe verband met tolkprestasie het.

Oxford (1990: 14) verduidelik dat sosiale taalaanleerstrategieë die taalaanleerder help om saam met ander te werk en sowel taal as kultuur te verstaan. Uiteindelik toon ek aan watter tolkstrategieë blyk sosiaal van

aard te wees: ‘aanpassing’, ‘persoonlike assosiasie en betrokkenheid’, en ‘verduidelikingsversoen’. Om ‘aanpassing’ in tolking in te span, het betrekking op die aanpassing van die tolkbeurt by die doeltaalgehoor en -kultuur. In taalaanleer sluit dit aan by die strategiekategorie ‘empatiseer met ander’, met individuele taalaanleerstrategieë ‘ontwikkel ’n kulturele begrip’ en ‘word bewus van ander se gedagtes en gevoelens’. Chen (2014) se studie (sien 4.3) is gegrond op leer as sosiaal deelnemende proses en bevind dus enkele tolkaanleerstrategieë wat sosiaal van aard is. Chiang en Villarreal (2013) se studie oor taalaanleerstrategieë vir tolking openbaar dat sosiale strategieë die tweede gewildste strategiesoort onder tolkaanleerders was.

Om die beperkings uit ’n oogpunt van refleksiwiteit aan te sny, is die kategorisering inherent subjektief omdat ek as kwalitatiewe navorser die data ingesamel en ontleed het. Die kategorisering is verder afhanklik van die doel vir die gebruik van die strategie. Ek het definisies saamgestel op grond van navorsing wat dikwels meer as een rede vir die gebruik van ’n strategie ingesluit het, en op die rede besluit wat die meeste voorgekom het. Ek illustreer hierdie beperking met ’n voorbeeld van ’n strategie wat ek as kompensasiestrategie getipeer het: ‘veralgemening’. ‘Veralgemening’ word dikwels gebruik indien die tolk weens versadiging (sien die Inspanningsmodel en Koorddanshipotese [‘Tightrope Hypothesis’]) nie betyds aan die korrekte doeltaalekwivalent kan dink nie. Ek argumenteer egter dat ’n tolk ook ‘veralgemening’ kan inspan ter wille van die doelteksontvanger(s) wat moontlik die algemene term beter sal ken. In hierdie geval kan veralgemening as ’n ‘sosiale strategie’ eerder as ’n ‘kompensasiestrategie’ geklassifiseer word omdat die tolk in wese empatiseer en hulleself in die ontvanger se skoene plaas.

Beperkings in ag genome, lei ek uit die uiteensetting van my tolkstrategietabel af dat daar ’n tekort aan indirekte strategieë in prosesgerigte tolkopleiding is, wat die uitgangspunt vir die uitvoer van my studie ondersteun.

6. Slot

In hierdie artikel het ek verslag oor ’n komponent van ’n PhD-studie (Van der Merwe, 2025) gelewer. Ek het gefokus op die rasionaal vir die uitvoer van die studie deur die relevante literatuur grondig te bespreek, en ’n argument vir die skep van (indirekte) tolkaanleerstrategieë te maak. My studie is binne ’n kwalitatiewe beskrywende navorsingsmetodologie uitgevoer aan die hand van twee teoretiese raamwerke: prosesgerigte tolkopleiding en Oxford se taalaanleerstrategiemodel (1990). Tolkaanleerstrategieë is grondig as verskynsel ondersoek.

Die terme ‘tolkstrategie’, ‘taalaanleerstrategie’ en ‘tolkaanleerstrategie’ is deeglik afgebaken. Daarna het ek ’n bespreking van tolkaanleer gebied soos verdeel in die aard van tolkaanleer, gedeelde kenmerke van tolk- en taalaanleer (selfregulering, prosesgerigtheid, leerdergesentreerdheid, teoretiese begronding en suksesvolle leer) en bestaande tolkaanleerstrategieë. In die vyfde afdeling is tolkstrategieë as verskynsel uiteengesit. Die aard van tolkstrategieë is eerstens bespreek aangesien daar verskeie soorte is, onder meer tolk-, funksie- en taalpaarspesifieke tolkstrategieë. Ek het toe ’n tolkstrategietabel geskep wat elke strategie in die literatuur bevat. Laastens is die strategieë in die tabel aan die hand van Oxford (1990) se taalaanleerstrategiemodel as direkte (kognitiewe, geheue- en kompensasië-) of indirekte (metakognitiewe, affektiewe en sosiale) strategieë getipeer.

Deur Oxford (1990) se taalaanleerstrategiemodel op tolkopleiding toe te pas, is die potensiaal daarvan vir tolkaanleer en -strategieë ondersoek. Ek het voorspel dat indirekte strategieë oor die hoof gesien sal word, wat akkuraat was aangesien slegs sewe uit die 38 tolkstrategieë indirek blyk te wees, waarvan vier metakognitief en drie sosiaal van aard is. My bevinding bevestig Wang et al. (2020: 13) se argument dat daar na wete min of geen tolkstrategieë is wat met emosie of sosiale interaksie in die vorm van affektiewe en sosiale strategieë geassosieer word nie.

Ek maak dus ’n beroep op navorsers om aandag aan veral die metakognitiewe, sosiale en affektiewe aspekte van tolkopleiding te skenk deur die gebruik van tolkaanleerstrategieë te ondersoek. In Van der Merwe (2025) benut ek Oxford (1990) se taalaanleerstrategiemodel vir prosesgerigte tolkopleiding om te bepaal wat die wisselwerking tussen die twee velde is en watter leerstrategieë waardevol en bruikbaar in ’n tolkonteks kan wees. Hieruit skep ek ’n tolkaanleerstrategiemodel met direkte én indirekte strategieë wat bruikbaar in die tolkopleidingsproses (en die tolk se lewenslange leerproses) kan wees.

Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

Ageli, Nuri. 2020. Creativity in the use of translation microstrategies by translation students at the University of Bahrain. *International Journal of Linguistics, Literature and Translation* 3(10): 7-17.

- Al-Khanji, Raja, El-Shiyab, Said. en Hussein, Riyadh. 2000. On the use of compensatory strategies in simultaneous interpretation. *Meta: Translators' Journal* 45(3): 548-557.
- Alves, Fabio. 2005. Bridging the gap between declarative and procedural knowledge in the training of translators: Meta-reflection under scrutiny. *Meta: Translators' Journal* 50(4).
- Ang, Stella, Embi, Mohamed Amin en Yunus, Melor Md. 2017. Strategies of successful English language learners among private school students. *Jurnal Pendidikan Humaniora* 5(2): 47-57.
- Asgarian, Amir. 2014. A survey study of Iranian translation students' use of translation language learning strategies and related beliefs. Ongepubliceerde doktrale proefskrif. Gazimağusa: Oos-Mediterreense Universiteit.
- Barik, Henri C. 1971. A description of various types of omissions, additions and errors of translation encountered in simultaneous interpretation. *Meta: Translators' Journal* 16(4): 199-210.
- Bartłomiejczyk, Magdalena. 2006. Strategies of simultaneous interpreting and directionality. *Interpreting. International Journal of Research and Practice in Interpreting* 8(2): 149-174.
- Bevilacqua, Lorenzo. 2009. The position of the verb in Germanic languages and simultaneous interpretation. *The Interpreters' Newsletter* 14: 1-31.
- Chang, Chia-chien, Wu, Michelle Min-chia en Kuo, Tien-chun Gina. 2019. Conference interpreting and knowledge acquisition: How professional interpreters tackle unfamiliar topics. *Interpreting. International Journal of Research and Practice in Interpreting* 20(2): 204-231.
- Chen, An-Chi. 2014. Becoming an interpreter: Exploring the development of interpreters from trainees to practitioners. Ongepubliceerde doktrale proefskrif. Leeds: Universiteit van Leeds.
- Chernov, Ghelly V. 2004. *Inference and anticipation in simultaneous interpreting*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Chiang, Yung-Nan en Villarreal, Daniel Steve. 2013. Foreign language learning strategies and consecutive interpreting achievement: An exploratory study on Taiwanese interpreting students. *Meta: Translators' Journal* 58(1): 146-164.
- Cohen, Andrew D. 2011. *Strategies in learning and using a second language*. 2de uitgawe. Londen/New York: Routledge.
- Corsellis, Ann. 2008. *Public service interpreting: The first steps*. Basingstoke: Palgrave Macmillan.
- Donato, Valentina. 2003. Strategies adopted by student interpreters in SI. *The Interpreters' Newsletter* 12: 101-132.
- Dong, Yanping, Li, Yinghui en Zhao, Nan. 2019. Acquisition of interpreting

- strategies by student interpreters. *The Interpreter and Translator Trainer* 13(4): 408-425.
- Ellis, Rod.** 2008. *The study of second language acquisition*. 2de uitgawe. Oxford: Oxford Universiteitsdrukkery.
- Fan, Dinghong.** 2012. The development of expertise in interpreting through self-regulated learning for trainee interpreters. Ongepubliceerde doktrale proefskrif. Newcastle: Universiteit Newcastle.
- Ficchi, Velia.** 1999. Learning consecutive interpretation. *International Journal of Research and Practice in Interpreting* 4(2): 199-218.
- Fox, Olivia.** 2000. The use of translation diaries in a process-orientated translation teaching methodology. In: Schäffner, C. en Adab, B. (reds.). *Developing translation competence*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Gambier, Yves.** 2010. Translation strategies and tactics. In: Gambier, Y. en Van Doorslaer, L. (reds.). *Handbook of Translation Studies*. Volume 1. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Gile, Daniel.** 1994. The process-oriented approach in the training of translators and interpreters. In: Dollerup, C. en Lindegaard, A. (reds.). *Teaching translation and interpreting 2 – insight, aims, visions*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Gile, Daniel.** 1995. *Basic concepts and models for interpreter and translator training*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Gile, Daniel.** 2009. *Basic concepts and models for interpreter and translator training*. 2de uitgawe. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Gran, Laura.** 1998. Developing translation/interpretation strategies and creativity. In Beylard-Ozeroff, A., Kralova, J. en Moser-Mercer, B. (reds.). *Translators' strategies and creativity*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Griffiths, Carol. en Oxford, Rebecca L.** 2014. The twenty-first century landscape of language learning strategies: Introduction to this special issue. *System* 43: 1-10.
- Griffiths, Carol.** 2018. *The strategy factor in successful language learning: The tornado effect*. 2de uitgawe. Bristol: Multilingual Matters.
- Griffiths, Carol.** 2020. Language learning strategies: Is the baby still in the bathwater? *Applied Linguistics* 41(4): 607-611.
- Heo, Eunjin.** 2018. Interpreting students' ability in self-assessment. Ongepubliceerde magisterverhandeling. Sydney: Macquarie Universiteit.
- Herbert, Jean.** 1952. *The interpreter's handbook: How to become a conference interpreter*. Genève: Editions Georg.

- Herring, Rachel E.** 2018. "I could only think about what I was doing, and that was a lot to think about": Online self-regulation in dialogue interpreting. Ongepubliceerde magisterverhandeling. Genève: Universiteit van Genève.
- Heyerick, Isabelle.** 2021. A descriptive study of linguistic interpreting strategies in Dutch-Flemish sign language interpreting – exploring interpreters' perspectives to understand the what, how and why. Ongepubliceerde doktrale proefskrif. Leuven: KU Leuven.
- Horváth, Isabelle.** 2007. Autonomous learning: What makes it work in postgraduate interpreter training? *Across Languages and Cultures* 8(1): 103-122.
- Jiang, Hong.** 2013. The interpreter's glossary in simultaneous interpreting. *Interpreting. International Journal of Research and Practice in Interpreting* 15(1): 74-93.
- Johnson, Julie E.** 2016. Effect of mindfulness training on interpretation exam performance in graduate students in interpreting. Ongepubliceerde doktrale proefskrif. San Francisco: Universiteit van San Francisco.
- Jones, Roderick.** 1998. *Conference interpreting explained*. Londen/New York: Routledge.
- Kalina, Sylvia.** 1998. *Strategische Prozesse beim Dolmetschen. Theoretische Grundlagen, empirische Fallstudien, didaktische Konsequenzen*. Tübingen: Gunter Narr.
- Kalina, Sylvia.** 2007. "Microphone off" – application of the process model of interpreting to the classroom. *Kalbotyra* 57(3): 111-121.
- Kalina, Sylvia.** 2015. Strategies. In: Pöchhacker, F. (red.). *Routledge encyclopedia of Interpreting Studies*. Londen: Routledge.
- Keiser, Walter.** 1978. Selection and training of conference interpreters. In Gerver, D. en Wallace Sinaiko, H. (reds.). *Language interpretation and communication*. New York/Londen: Plenum Drukkery.
- Kelly, Dorothy.** 2005. *A handbook for translator trainers*. Manchester: St Jerome.
- Kiraly, Don C.** 1990. A role for communicative competence and the acquisition-learning distinction in translator training. In: Van Patten, B. en Lee, J. (reds.). *Second language acquisition/foreign language learning*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Kiraly, Don C.** 2006. Beyond social constructivism: Complexity theory and translator education. *Translation and Interpreting Studies* 1(1): 68-86.
- Kirchhoff, Hella.** 1976/2002. Simultaneous interpreting: Interdependence of variables in the interpreting process, interpreting models and interpreting strategies. In: Pöchhacker, F. en Shlesinger, M. (reds.). *The Interpreting Studies reader*. Londen/New York: Routledge.

- Kohn, Kurt. en Kalina, Sylvia. 1996. The strategic dimension of interpreting. *Meta: Translators' Journal* 41(1): 118-138.
- Latif, Muhammad M. M. Abdel. 2018. Towards a typology of pedagogy-oriented translation and interpreting research. *The Interpreter and Translator Trainer* 12(3): 322-345.
- Lee, Chien Kuo. 2010. An overview of language learning strategies. *ARECLS* 7: 132-152.
- Lee, Zi-ying. 2015. The reflection and self-assessment of student interpreters through logbooks: A case study. Ongepubliceerde doktrale proefschrift. Edinburgh: Heriot-Watt Universiteit.
- Li, Changshuan. 2010. Coping strategies for fast delivery in simultaneous interpretation. *The Journal of Specialised Translation* 13: 19-25.
- Li, Sainan. 2014. A case study of interpretation learning strategies employed by successful interpretation learners. *Theory and Practice in Language Studies* 4(6): 1303-1311.
- Li, Sainan. 2015. A further study of interpretation learning strategies employed by successful interpretation learners. *Theory and Practice in Language Studies* 5(6): 1296-1306.
- Li, Xiangdong. 2013. Are interpreting strategies teachable? Correlating trainees' strategy use with trainers training in the consecutive interpreting classroom. *The Interpreters' Newsletter* 18: 105-128.
- Li, Xiangdong. 2018. Self-assessment as "assessment as learning" in translator and interpreter education: Validity and washback. *The Interpreter and Translator Trainer* 12(1): 48-67.
- Li, Yinghui en Dong, Yanping. 2021. Use of explicitation by interpreting students and its contribution to consecutive interpreting performance: A developmental perspective. *Perspectives* 30(1): 103-119.
- Liontoul, Konstantina. 2011. Strategies in German-to-Greek simultaneous interpreting: A corpus-based approach. *Gramma* 19: 37-56.
- Lörscher, Wolfgang. 1991. *Translation performance, translation process, and translation strategies: A psycholinguistic investigation*. Tübingen: Gunter Narr.
- Maximous, Amal. 2017. Teaching and learning community interpreting. Ongepubliceerde doktrale proefschrift. Sydney: Universiteit van Wes-Sydney.
- Meuleman, C. en Van Besien, F. 2009. Coping with extreme speech conditions in simultaneous interpreting. *Interpreting. International Journal of Research and Practice in Interpreting* 11(1): 20-34.
- Miyamoto, Tomoyuki. 2008. What did good interpreting learners do in their self-learning of consecutive interpreting? <https://join3.wilmina.ac.jp/repo/repository/wilmina/37/08.pdf> (Datum van gebruik: 10 April 2022).

- Moser-Mercer, Barbara.** 1992. Banking on terminology – conference interpreters in the electronic age. *Meta: Translators' Journal* 37(3): 507-522.
- Moser-Mercer, Barbara.** 2008. Skill acquisition in interpreting: A human performance perspective. *The Interpreter and Translator Trainer* 2(1): 1-28.
- Ngoc, Nhi Nguyen, Truc, Huong Tran Thi, Huynh, Quynh, Ngoc, Phung Nguyen Thi en Thien, Thu Tat.** 2022. Essential self-training skills to become an interpreter: English-majoring students' perception. *European Journal of Education Studies* 9(12): 75-89.
- O'Malley, J. Michael en Chamot, Anna Uhl.** 1990. *Learning strategies in second language acquisition*. New York: Cambridge Universiteitsdrukkery.
- O'Malley, J. Michael, Chamot, Anna Uhl, Stewner-Manzanares, Gloria, Russo, Rocco P. en Kupper, Lisa.** 1985. Learning strategy applications with students of English as a second language. *TESOL Quarterly* 19: 557-584.
- Oxford, Rebecca L.** 1990. *Language learning strategies: What every teacher should know*. Boston: Heinle & Heinle.
- Oxford, Rebecca L.** 2011. Strategies for learning a second or foreign language. *Language Teaching* 44(2): 167-180.
- Oxford, Rebecca L.** 2017. *Teaching and Researching language learning strategies: Self-regulation in context*. New York/Londen: Routledge.
- Oyetunji, Christianah Oluwatoyin.** 2011. The effect of reading strategy instruction on L2 teacher trainees' performance. Ongepubliseerde magisterverhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Pietrzak, Paulina.** 2018. The effects of students' self-regulation on translation quality. *Babel: International Journal of Translation* 64(5/6): 819-839.
- Pietrzak, Paulina.** 2019. An integrated approach to assessment in translator training: The value of self-reflection, in Lewandowska-Tomaszczyk, B. (red.). *Contacts and contrasts in educational contexts and translation*. New York: Springer.
- Pöhhacker, Franz en Shlesinger, Miriam.** 2002. *The Interpreting Studies reader*. Londen/New York: Routledge.
- Pöhhacker, Franz.** 2004. *Introducing Interpreting Studies*. Londen: Routledge.
- Pretorius, Rentia.** 2010. The language learning strategy use of isiXhosa-speaking adolescents in the second language acquisition of English. Ongepubliseerde magisterverhandeling. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Riccardi, Alessandra.** 1996. Language-specific strategies in simultaneous interpreting, in Dollerup, C. en Appel, V. (reds.). *Teaching translation and interpreting 3: New horizons. Papers from the Third Language International Conference, Elsinore, Denmark 9-11 June 1995*. Amsterdam: John Benjamins.

- Riccardi, Alessandra.** 1998. Interpreting strategies and creativity, in Beylard-Ozeroff, A, Kralova, J. en Moser-Mercer, B. (reds.). *Translators' strategies and creativity. Selected papers from the 9th International Conference on Translation and Interpreting, Prague, September 1995*. Amsterdam: John Benjamins.
- Riccardi, Alessandra.** 2005. On the evolution of interpreting strategies in simultaneous interpreting. *Meta: Translators' Journal* 50(2): 753-767.
- Richards, Lyn.** 2021. *Handling qualitative data: A practical guide*. 4de uitgawe. Los Angeles/Londen: Sage.
- Rubin, Joan.** 1975. What the "good language learner" can teach us. *TESOL Quarterly* 9(1): 41-51.
- Rubin, Joan.** 1987. Learner strategies: Theoretical assumptions, research history and typology. In: Wenden, A.L. en Rubin, J. (reds.). *Learner strategies in language learning*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.
- Sainz, Maria Julia.** 1994. Student-centred corrections of translations. In Dollerup, C. en Lindegaard, A. (reds.). *Teaching translation and interpreting 2 – insight, aims, visions*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Sawyer, David B.** 2004. *Fundamental aspects of interpreter education*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- Setton, Robin.** 1999. *Simultaneous interpretation: A cognitive-pragmatic analysis*. Amsterdam: John Benjamins.
- Shaw, Sherry, Grbic, Nadja en Franklin, Kathy.** 2004. Applying language skills to interpretation student perspectives from signed and spoken language programs. *Interpreting. International Journal of Research and Practice in Interpreting* 6(1): 69-100.
- Tarone, Elaine.** 1981. Some thoughts on the notion of communication strategy. *TESOL Quarterly* 15: 285-295.
- Trisnawati, Ika Kana en Netta, Ayuna.** 2020. Strategies in simultaneous interpreting: A review. *Accentia: Journal of English Language and Education* 1(2): 63-69.
- Tryuk, Małgorzata.** 2010. Strategies in interpreting: Issues, controversies, solutions. *Applied Linguistics* 2: 181-194.
- Van der Merwe, Kanja.** 2025. 'n Tolkaanleerstrategiemodel uit taalaanleerstrategieë vir prosesgerigte tolkopleiding. Ongepubliseerde doktrale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Wang, Weiwei, Xu, Yi, Wang, Binhua en Mu, Lei.** 2020. Developing interpreting competence scales in China. *Frontiers in Psychology* 11(481): 1-16.
- Washbourne, Kelly.** 2013. The self-directed learner: Intentionality in translator training and education. *Perspectives* 22(3): 1-15.

- Wen, Jianping, Zhang, Jumin, Yang, Yan en Cai, Yuhang.** 2023. Development and validation of the self-regulated translation learning strategy scale (SRTLSS). *Studies in Educational Evaluation* 78: 1-9.
- Wenden, Anita L.** 1987. Conceptual background and utility. In: Wenden, A.L. en Rubin, J. (reds.). *Learner strategies in language learning*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.
- Wilss, Wolfram.** 1978. Syntactic anticipation in German-English: Simultaneous interpreting, in Gerver, D. en Wallace Sinaiko, H. (reds.). *Language interpretation and communication*. New York/Londen: Plenum Drukkery.
- Xu, Ying en Liu, Meihua.** 2023. Relations among and predictive effects of anxiety, enjoyment and self-efficacy on Chinese interpreting majors' self-rated interpreting competence. *Education Sciences* 13(5): 1-17.
- Yan, Jackie Xiu, Pan, Jun en Wang, Honghua.** 2015. Studies on translator and interpreter training: A data-driven review of journal articles 2000-12. *The Interpreter and Translator Trainer* 9(3): 263-286.